

Perlemoen van Abagold is goud werd

Artikel soos verskyn op 5 Oktober 2008, Rapport.
Deur Helen Ueckermann

Gekweekte perlinoem van Abagold van Hermanus in die Wes-Kaap is net so smaaklik soos sy gesogte Japanse eweknie en beklee daarom 'n topposisie en prysklas in die mark.

“Dit is die eindresultaat van die navorsing en teelpogings wat van 1984 af deur dr. Pierre Hugo, stigter-eienaar van Abagold (voorheen Hermanus Abalone), uitgevoer is,” se mnr. Christo du Plessis, besturende direkteur.

Sedertdien het Abagold van krag tot krag gegaan en Hugo, wat steeds 'n uitvoerende direkteur is, het intussen die leisels oorgegee aan 'n uitvoerende span van twee rekenmeesters, 'n voedseltegnoloog, 'n bioloog en 'n ingenieur.

Abagold is vanjaar een van die semi-finaliste in die Onderneming van die Jaar-wedstryd, wat jaarliks deur Ou Mutual, Sake-Rapport, die Afrikaanse Handelsinstituut, kykNET se Ontbytsake en Business Partners gehou word. Hy ding mee in die ope afdeling vir ondernemings met 'n jaarlikse omset van meer as R15 miljoen.

Dit het nodig geword om perlemoen te kweek omdat die natuurlike voorraad uitgedun geraak het.

“In 1993 is 600 ton perlemoen deur die bedryf geoes, sportduikers het nog 150 tot 200 ton verwyder en stropers vermoedelik nog sowat 200 ton,” se Du Plessis.

“Selfs vandag, 15 jaar later, loop perlemoen steeds ernstig gevaar om uitgewis te word, ondanks 'n algehele verbod op sportduikers en die kansellering van kwotas vir die bedryf. Stropers verwyder vermoedelik tot 800 ton per jaar.”

Abagold dryf handel in geblikte en gedroogte perlemoen en het sy eie verwerkingsaanleg op die plaas Bergsig.

“Bergsig en nog twee plase is gelee op 6 ha waar vars seewater voortdurend deur die tenks waarin die perlemoen gehou word, gesirkuleer word.

“Om dit te vermag pomp ons elke uur 7 miljoen liter seewater deur die stelsel, 24 uur per dag,” se Du Plessis.

Die maatskappy se 200 werknemers maak seker dat die diertjies gevoer, skoongemaak, gesorteer en verwerk word vir uitvoer en behartig alle tegniese uitdagings en administrasie.

Sy wereldklas-aanleg, wat in 2006 in bedryf gestel is, het in die afgelope twee jaar 'n reputasie verwerf vir die hoogste gehalte- geblikte perlemoen uit Suid-Afrika.

Abagold het in 2006 ook 'n vennootskap aangegaan met 'n bemagtigingsmaatskappy om die plaas Amaza te ontwikkel in New Harbour in Hermanus. Die plaas kan 70 ton lewende perlemoen per jaar oplewer.

Om met perlemoen te boer kan winsgewend wees, se Du Plessis. Abagold het in die boekjaar wat op 30 Junie ten einde geloop het 'n winsgrens van 32% getoon.

“Ons het vanjaar ook daarin geslaag om R20 miljoen se voorkeuraandele af te los en het ons eie aandele ‘genoteer’ op 'n ‘oor-die-toonbank’-platform op ons webwerf www.abagold.com,” se Du Plessis.

'n Wins van sowat R22 miljoen word vir die huidige boekjaar in die vooruitsig gestel met 'n omset van R57 miljoen.

Abagold se inkomste kom uitsluitlik uit die buiteland, maar word slegs in Suid-Afrika uitgegee.

“Dit maak nie net van ons 'n verdieners van 'n waardevolle buitelandse inkomste nie, maar ook 'n groot werkskepper en bydraer tot die ekonomie van Hermanus.”

Die maatskappy se groeiplanne sluit in 'n seewierplaas waarby die plaaslike gemeenskap baat sal vind en wat ook die eerste geïntegreerde waterkultuurnode van sy grootte ter wereld gaan wees.

Abagold is ook aan die voorpunt van opleiding. Sy werknemers het al meer as 75 sertifikate verwerf vir basiese opleidingsprogramme vir volwassenes (Abet), meer as enige ander organisasie in die landbou.



Christo du Plessis